KOMMUNIKASIE

Rus verseker

Augustus 2010

NOMMER: MK 05/2010
ONDERWERP: Motorversekering: Versekerde bedrag en eiseskikking (Algehele Verlies)
OORSPRONG: MAKELAARSDISTRIBUSIE

Beste Makelaar

Hierdie skrywe verwys na Santam se vorige kommunikasie oor die waardasie en skadeloosstelling van motorvoertuie in geval van 'n algehele verlies. Soos u weet, streef Santam voortdurend daarna om dit vir makelaars makliker te maak om met ons sake te doen en daarom het ons die terugvoering wat ons van makelaars in hierdie verband ontvang het, deeglik ontleed.

Die volgende sal onmiddellik van toepassing wees:

1. Berekening van Versekerde Bedrag

Santam sal aan makelaars die verkoopwaarde, soos vermeld in die *Transunion Auto Dealers Guide*, as riglyn verskaf wanneer 'n voertuig verseker of die polis hernu word om sodoende die markwaarde te bepaal. Ons laat 'n afwyking van tot 20% toe tussen die verkoopwaarde in die *Transunion Auto Dealers Guide* en die versekerde bedrag, met inagneming van onder meer bybehore, kilometers en die toestand van die voertuig. Versoeke vir groter afwykings van hierdie riglyne is welkom, maar dit sal nodig wees om ondersteunende inligting te verskaf. Die polishouer, op advies van die makelaar, sal uiteindelik die skadeloosstellingsperk van die voertuig bepaal. Dit word aanbeveel dat die bybehore gespesifiseer word sodat enige toekomstige probleme ten tyde van 'n verlies vermy kan word.

Vir kommersiële polisse (slegs passasiers- en ligte afleweringsvoertuie met 'n BVM van minder as 3500 kg) pas Santam jaarliks tydens hernuwing die versekerde bedrag van die voertuig aan om sodoende in lyn te bly met die bygewerkte verkoopwaardes in die *Auto Dealers' Guide*. Dieselfde beginsel sal in die nabye toekoms ook op Persoonlike-lyne toegepas word. Tot dan moet makelaars voortgaan om die voertuigbesonderhede en versekerde bedrae tydens hernuwing te hersien.

2. Eiseskikking – Algehele Verlies

Om te verseker dat die berekening van die versekerde bedrag en die eiseskikking belyn is, sal die verkoopwaarde (op die datum van verlies) volgens die *Transunion Auto Dealers Guide* as vertrekpunt gebruik word. Hierdie waarde sal dan aangepas word volgens die riglyne van die *Transunion Auto Dealers Guide*, met inagneming van onder meer die kilometers, die toestand van die voertuig en die versekerde bybehore.

Ons vertrou dat hierdie benadering makelaars in staat stel om deurlopend professionele advies aan kliënte te gee en enige onsekerhede in hierdie verband uit die weg sal ruim.

U terugvoering is belangrik en ons verwelkom enige navrae of opmerkings. U kan dit gerus ook met u Verhoudingsbestuurder bespreek.

Vriendelike groete

Edward Gibbens
Uitvoerende hoof: Makelaarsdistribusie